ONDERRIG OOR GEBED

EREDIENS | 24 JULIE 2022 | LUKAS 11:1–13

1. KUIER

Deel met mekaar:

- As jy nou iewers in die wêreld met vakansie kan wees, waar sal dit wees en wie sal jy saam neem?

2. STEMMING

Lees Psalm 23 (MSG) hardop deur. Gee dan tyd dat elkeen dit saggies deurlees. Gee tyd vir stilte. Deel waarheen die Gees jou nooi:

1-3 God, my shepherd!
I don't need a thing.
You have bedded me down in lush meadows,
you find me quiet pools to drink from.
True to your word,
you let me catch my breath
and send me in the right direction.
4 Even when the way goes through
Death Valley,
I'm not afraid
when you walk at my side.
Your trusty shepherd's crook
makes me feel secure.
5 You serve me a six-course dinner
right in front of my enemies.
You revive my drooping head;
my cup brims with blessing.
6 Your beauty and love chase after me
every day of my life.
I'm back home in the house of God
for the rest of my life.

3. DIALOOG

Lees: Kolossense 4: 2+3 & Lukas 11:1 – 13

Elke liewe dag haal ons asem, ons eet, ons stap en praat maar ons bid nie noodwendig elke dag nie. Gebed is eerder soos daardie rooi brand-alarm boksie teen ‘n muur in ‘n winkelsentrum wat ons gebruik in noodgevalle. Ons assosieer baie keer gebed met krisisse.

Gebed is baie kere ‘n hulpbron wat ons nie gebruik nie, ‘n kontinent wat nog nooit besoek is vir die moontlik skatte wat daar weg gesteek is nie. Dit word eerder oor gepraat as gepraktiseer en tog is dit een van die mooiste geskenke wat die Here vir ons kom gee het.

- Hoe baie bid jy per dag? Wat is jou houding teenoor gebed?

Gebed is ‘n kommunikasielyn tussen ons en God. Soos enige verhouding. Dit verg entoesiasme en passie. Lees die volgende stellings en antwoord die volgende vrae:

- In Lukas 3:21 tydens Jesus se doop, doen Hy ‘n gebed, en terwyl Hy bid, open die hemele. Passievolle gebed open hemele en is kragtig.
- In Lukas 6:12 bid Jesus die nag deur. Die volgende oggend kies Hy die 12 wat Hy apostels noem. Passievolle gebed gee rigting.
- In Lukas 9:29 tydens die verheerliking op die berg, bid Jesus sodat Sy liggaam begin gloei. Passievolle gebed aktiveer die ervaring om God se glorie te beleef.
- In Johannes 17 bid Jesus vir Sy dissipels. Passievolle gebed impakteer die lewens van ander.
- In Matteus 26:39 bid Jesus in die tuin van Getsemane. Passievolle gebed maak dat ons, ons hart voor God kan uitstort.
- In Lukas 23:26 bid Jesus die kruisiging. Passievolle gebed sal ons in staat stel om in die Gees te bly, in die moeilikste van omstandighede.
- “Jesus was passionate about His prayer life; it was something He was always doing.”

- Is jy passievol oor gebed? Na aanleiding van die bg. voorbeelde wat leer jy by Jesus oor gebed?
- Talle gelowiges gee te maklik op, is ly, dink dit is nie lekker nie, dit is gevoelloos of dat hulle gebede in die dak vas skiet. Dit gaan eintlik oor hulleself. Het jy al so gevoel? Bespreek die volgende aanhalings:

"It is a common temptation of Satan to make us give up the reading of the Word and prayer when our enjoyment is gone; as if it were of no use to read the scriptures when we do not enjoy them, and as if it were no use to pray when we have no spirit of prayer. The truth is that, in order to enjoy the Word, we ought to continue to read it, and the way to obtain a spirit of prayer is to continue praying. The less we read the Word of God, the less we desire to read it, and the less we pray, the less we desire to pray." - George Muller

“I pray because I can't help myself. I pray because I'm helpless. I pray because the need flows out of me all the time, waking and sleeping. It doesn't change God. It changes me.” – C.S. Lewis

- Sommige gelowiges dink dat gebed in opposisie staan van aksie. Hoe dink jy hieroor? Bespreek die volgende aanhaling:

“Pray with all your might for the blessing of God; but work, at the same time, with all diligence, with all patience, with all perseverance. Pray then, and work. Work and pray. And still again pray, and then work.

4. GEBEDS OEFENING VIR ELKE DAG

Lees dit eenkeer hardop deur. Doen die oefening as groep in stilte – groep leier fasaliteer die geleentheid.

St. Ignatius van Loyola se Examen is 'n geleentheid vir daaglikse, vredevolle refleksie in gebed. Die Examen nooi jou uit om te ontdek waar God aan die beweeg is in jou lewe deur mense of gebeure.

#1 Raak Bewus van God
Dit is belangrik dat ons net eers ons gedagtes en liggame tot stilte bring. Steek ‘n kers aan, haal diep asem of luister na ‘n aanbiddingslied wat jou kalmeer. Rig jou gedagtes op God. Waarvoor kan jy God se naam groot maak.

#2 Reflekteer
Dink na oor die dag. Hardloop deur die dag. Vandat jy vanoggend opgestaan het, elke afspraak, interaksie, gebeurtenis en ervaring. Sonder om dit of jouself te oordeel beweeg van gedagtes tot gedagte, soos jy ‘n video sou kyk. Dink na oor waar God was in elkeen van daardie oomblikke. Dink na oor die gawes wat God gegee het in die vorm van mense en geleenthede.

#3 Bely
Waarvoor het jy nodig om vergifnis te vra. Waar moet jy bely was jou gedagtes, emosies, handelinge en intensies nie op God gerig soos dit moet nie. Waar het jy nie jou verhouding met God gereflekteer soos jy weet jy moes nie. Deel jou hart met God.

#4 Innooi en Versoeke
Dink na oor die dag wat môre voorlê. Wat lê voor. Wat is in jou dagboek reeds beplan? Wie gaan jy ontmoet? Wat word verwag van jou? Deel dit alles met die Here en nooi die Here in elkeen van daardie geleenthede in. Los dit by die Here.

#5 Dankbaarheid
Dank God vir die tyd saam. Dank God vir al die ander elemente in jou lewe. Wees net nou in die oomblik by God. Wanneer jy reg is, blaas die kers uit, haal weer diep asem of luister na jou aanbiddingslied. Hierdie gebed hoef nie langer as 10 minute te duur nie.